# *Jy dan my Seun* Eng/Afr.

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B141a

Skriflesing uit: 11Tim.2:1 – 13

Kernvers: 1 –'Jy dan my seun, wees sterk deur die genade wat in Christus Jesus is'.

In my Engelse bybel is die opskrif bokant hierdie gedeelte: 'Die weg van 'n goeie soldaat in 'n tyd van afvalligheid'. Wanneer ons na die wêreld om ons kyk sien ons dat dit besig is om in twee groepe te verdeel.

Hoe nader ons aan die Wederkoms van Christus beweeg sal ons sien dat daar een groep mense is wat hulself daarop toelê om heiliger te word – daar is 'n nuwe gewaarwording dat ons onself moet gereedmaak vir die koms van die Koning. Daar is 'n toename aan die ontdekking weer van fundamentele waarhede en toewyding aan God.

Aan die anderkant is daar 'n toename aan losbandigheid en onverskilligheid, selfs uitdagend teenoor God.

Paulus sê vir Timótheüs: 'Jy dan my seun wees sterk…..' Streef u na heiligmaking en het u al op die plek gekom waar u die Here met u hele hart wil dien? Want God vra niks minder nie – of is u besig om weg te drywe?

Die twee strome vloei vinnig; en as jy in daardie stroom beland dan sleep dit jou vinnig mee. Daar is soveel grypende hande in daardie stroom om jou mee te sleur en so 'n stroom loop net afdraend na die afgrond toe weg van God.

Ondersoek u hart vandag en vra uself of daar waarlik 'n erns in u is om God te dien.